

# Kindernagmaal: Beskrywingspunt en Motivering

RING VAN POTCHEFSTROOM

2022

# INHOUDSOPGAWE

|  |           |
|--|-----------|
| <b>1. Inleiding.....</b>   | <b>2</b>  |
| <b>2. Watter betekenis het die nagmaal in 'n 21ste eeuse, (post)covid wêreld?....</b>  | <b>3</b>  |
| <b>3. Die bediening van nagmaal aan kinders in die Kerkgeskiedenis.....</b>  | <b>4</b>  |
| <b>4. Die NHKA en die bediening van nagmaal aan kinders.....</b>   | <b>6</b>  |
| <b>4.1 Teologiese oorwegings.....</b>  | <b>6</b>  |
| <b>4.2 Die verband tussen kategese-onderrig, die aflê van geloofsbelydenis<br/>        en die bediening van die nagmaal aan kinders.....</b> | <b>8</b>  |
| <b>4.3 Die praktiese implementering van die kindernagmaal in die NHKA.....</b>   | <b>9</b>  |
| 4.3.1 Dooplidmate.....   | 9         |
| 4.3.2 Ouderdom.....  | 9         |
| 4.3.3 Begeleiding en onderrig oor die nagmaal.....   | 10        |
| 4.3.4 Aanpassing van die Nagmaalformulier(e) en Kerkorde wysigings.....  | 12        |
| <b>5. Slotopmerkings.....</b>  | <b>12</b> |
| <b>6. Bibliografie.....</b>  | <b>13</b> |
| <b>7. Voorgestelde Beskrywingspunt.....</b>  | <b>14</b> |

## 1. Inleiding

Die nagmaal is een van die Reformatoriese kerke se twee sakramente. Die sakramente is vir die Kerk 'sigbare tekens van God se liefde en beloftes oor sondevergewing en die ewige lewe' (*Kerkorde* 2019:66). Die nagmaal word teruggevoer na die laaste maaltyd wat Jesus saam met sy dissipels gehad het die aand voordat Hy aan die kruis gesterf het. Die maaltyd wat Jesus en sy dissipels genuttig het, was tradisioneel die Pasga-maaltyd uit die Ou Testamentiese tradisie, maar Jesus herinterpreteer hierdie maaltyd in die lig van sy offer aan die kruis.

Die teologiese betekenis van die nagmaal word vervat in die Belydenisskrifte wat die NHKA onderskryf. In Artikel 35 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word gemeld dat Jesus Christus die nagmaal ingestel het om gelowiges se geestelike lewe te voed en te onderhou. Daarom ontvang gelowiges hierdie sakrament met 'n houding van nederigheid en met eerbied (NGB Artikel 35). Die erns waarmee die sakrament bejeën word, noop die persoon wat dit gebruik om eers deeglik selfondersoek te doen en om dan tot 'n vurige liefde vir God en naaste beweeg te word. Die Heidelbergse Kategismus verwoord in die tweede deel oor die verlossing van die mens dat die sakramente se doel is om ons die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en om dit aan ons te beseël (HK, Vraag en Antwoord 69). Verder is die antwoord op die vraag na wie ingesluit moet word by die nagmaalstafel (HK, Vraag en antwoord 81) 'hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is; en dié wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter'. Hiervolgens is die voorwaarde vir aansit by die nagmaalstafel 'n sonde-bewustheid, maar terselfdertyd 'n begrip van God se reddende genade in Christus wat uitloop op die behoefte om in die geloof versterk te word en om 'n lewe van gehoorsaamheid en dankbaarheid tot eer van God te leef.

Die verduideliking van die sakramente in die Belydenisskrifte was deur die jare die basis van die NHKA se verstaan en beoefening van die nagmaal. Uiteindelik het die teologiese verstaan van die nagmaal ook 'n direkte invloed op die liturgiese beoefening daarvan. Aangesien die NHKA, vanuit die hoë liturgiese tradisie

waarbinne die Kerk funksioneer, veral klem plaas op die erns van selfondersoek voordat 'n mens by die nagmaaltafel aansit, is die vermoë om te onderskei en te verstaan waaroor die nagmaal gaan, vir die Kerk belangrik. Dit word hoofsaaklik aangevoer as die hoofrede waarom die nagmaal nie aan kinders bedien word nie (Dreyer 1994:528; Buitendag 2019:163).

Die NHKA voer al lank en breedvoerig gesprek oor die moontlikheid van die bediening van die nagmaal aan kinders. Die studiestukke wat weer by die 73ste AKV op die agenda dien, is bewys hiervan. Daarom is die doel van hierdie reaksie op die kwessie van kindernagmaal nie om 'n herhaling te wees van wat reeds in die studiestukke uiteengesit is nie. Die bespreking dien bloot as agtergrond en motivering tot die uiteindelijke beskrywingspunt waartoe gekom word oor die praktiese implementering van die bediening van die nagmaal aan kinders in die NHKA.

## **2. Watter betekenis het die nagmaal in 'n 21ste eeuse, (post)covid wêreld?**

Die vraag rondom die bediening van nagmaal aan kinders, het direkte betrekking op sakramentsbeskouing. In die afgelope tyd was daar verskillende gebeure wat die saak van *sakramentsbeskouing* weer onder die vergrootglas geplaas het. Dit word gesien in die wyse waarop die ontwrigting en vrees wat die covid-pandemie meegebring het, ook die Kerk, liturgie en sakramente beïnvloed het. Gedurende die inperking was daar verskeie kerke, sowel as gemeentes binne die NHKA, wat byvoorbeeld virtueel nagmaal bedien het toe fisiese eredienste nog nie moontlik was nie. Dit het onder andere behels dat die predikant via 'n internetverbinding die sakramente bedien, terwyl lidmate die brood en wyn in hul eie huise genuttig het. In sommige gevalle was daar ook kinders wat in hul huisgesinne deelgeneem het aan die nagmaal. Hierdie wyse van nagmaalsbediening het nog nooit vantevore in die NHKA plaasgevind nie. Tog het die omstandighede van 'n wêreldpandemie op verskeie maniere mense se denke oor die verstaan van 'n sakrament soos die nagmaal aan die lig gebring en die bediening van die sakramente in 'n totaal ongekende rigting laat beweeg.

Hierdie voorbeeld dien as illustrasie van hoedat veranderende omstandighede en mense se reaksie daarop, nie wag vir besluite van Kerkvergaderings nie. Tog het die Kerk die taak om leiding te gee, aangesien gebeure soos hierdie aanleiding gee tot dieper vrae oor die verstaan en betekenis van die nagmaal in 'n gefragmenteerde wêreld waar mense toenemend op nie-tradisionele wyses na betekenis en vastigheid soek. Dit vra van die Kerk om indringend te besin oor die teologiese betekenis en praktiese implementering van die sakramente en hoe om dié betekenis vir lidmate op nuwe, dog teologiese begroonde, wyses te vertaal. In hierdie onderneming is dit daarom belangrik dat die Skrif, kerklike tradisie en teologie agter die sakrament verreken word, sodat dit steeds op verantwoordelike wyse bedien kan word.

### **3. Die bediening van nagmaal aan kinders in die Kerkgeskiedenis**

Ten einde die groter prent wat betref die verstaan van die nagmaal te rekonstrueer, is dit noodsaaklik om die verstaan en gebruike rondom nagmaal in die Kerkgeskiedenis in ag te neem. McGrath (2013:95) meld in sy boek oor Historiese Teologie dat die vroeë kerk nie breedvoerige besprekings oor die sakramente gevoer het nie. Daar was op daardie stadium nie duidelikheid oor hoe die term *sakrament* gedefinieer behoort te word of selfs wat alles as sakramente beskou moet word nie. Gedurende die eerste en tweede eeu nC was die nagmaal in die vroeë kerk nog sterk gekoppel aan die gemeenskaplike- of liefdesmaal, wat 'n fisiese ete was waar gelowiges saamgekom het om saam te eet (Witherington 2007:97-98). Die hedendaagse ekwivalent hiervoor in ons Kerk sal waarskynlik iets soos 'n gemeente-ete wees. In die Grieks-Romeinse wêreld sou hierdie maaltyd in die aand in mense se huise plaasgevind het. Met die sterk invloed van die Pasga-maaltyd op Joodse Christene, was die nagmaal 'n gesinsmaaltyd wat Jesus se dood in herinnering geroep het totdat Hy weer kom (Witherington 2007:109). Deur die maaltyd op hierdie wyse te vier, het die onderlinge gemeenskap tussen gelowiges voorop gestaan met die herinnering aan die redding wat Christus bewerkstellig het as oproep daarby.

Die *teologiese* denke rondom sakramente het volgens McGrath (2013:95) eers momentum begin kry gedurende die Middeleeue, hoewel Witherington (2007:99) meen dat dit alreeds aan die einde van die tweede eeu nC begin het. Volgens

Witherington (2007:99) is teologiese denke oor die nagmaal gestimuleer namate leierskapstrukture in die kerk ontstaan het, sowel as in reaksie op dwaalleringe soos dié van die Gnostici en omdat die aantal nie-Joodse gelowiges die meerderheid in die kerk geword het en gevoglik die wyse waarop nagedink is oor die nagmaal, beïnvloed het. Die Kerkvaders het 'n belangrike rol gespeel in die vaslegging van idees rondom die nagmaal, veral wat 'n apologie of verdediging daarvan betref (Witherington 2007:105).

Tog het die gedagtes van hierdie teoloë naderhand daartoe bygedra dat daar wegbeweeg is van die nagmaal as (liefdes)maaltyd in die huis, namate die heilsbetekenis van die nagmaal op die voorgrond begin tree het. Klemens van Aleksandrië begin onderskei tussen 'n publieke maaltyd en 'n privaat maaltyd (Witherington 2007:106-107). Die privaat maaltyd word deur almal in die huis – vroue, kinders en slawe – geniet onder leiding van die *pater familias*. Hierdie maaltyd is voorafgegaan deur gebed en danksegging. Die publieke maaltyd word egter by 'n kerk onder leiding van priesters slegs aan sekere mense bedien. Hierdie ontwikkelings het plaasgevind namate asketisme al hoe meer toegeneem het in die kerk en die brood en wyn van die nagmaal as inherent heilig beskou is.

Teen die Middeleeue was daar dus 'n bepaalde teologie en praktyk in plek wat die nagmaal betref en kinders was grotendeels hierby uitgesluit. Die Vierde Lateraanse Konsillie het in 1215 aangevoer dat kinders die eerste keer nagmaal moet gebruik wanneer hulle 'n ouderdom van onderskeiding bereik. Aanvanklik is hierdie ouderdom vasgestel op sewe, maar later is dit aangeskuif na tussen tien en veertien jaar oud (Howells & Littler 2007:14). Dit was ook die eerste keer dat daar 'n spesifieke ouderdom gekoppel is aan iemand se eerste nagmaal. Hierdie reëling het bly staan tot en met die Reformasie.

Tydens die Reformasie was die aard van Christus se teenwoordigheid in die nagmaal die oorhoofse kwessie wat die Reformatore aangespreek het (Feingold 2018:345). Die Reformasie het die mistieke heilsbetekenis wat deur die Rooms Katolieke Kerk in daardie tyd aan die nagmaal toegeken is, teengestaan. Die teologiese argumente van die nagmaal tydens die Reformasie word nie verder hier bespreek nie, maar wat wel van belang is, is dat die Reformatore kinders op

twalfjarige ouderdom belydenis van geloof laat aflê het, waarna hulle aan die nagmaal kon deelneem (Dreyer 1994:529).

Uit die bespreking in hierdie afdeling kan ons aflei dat kinders aanvanklik waarskynlik deel was van die gemeenskaplike liefdesmaaltye wat gelowiges in die vroeë kerk by hul huise geëet het, maar namate die kerk geïnstitusioneel is, het die elemente van die sakrament teologieser is, het daar bepaalde voorwaardes ontstaan wat slegs sekere mense by die nagmaal toegelaat het. Dit het uiteindelik daartoe aanleiding gegee dat die kerk in die Middeleeue 'n spesifieke ouderdom vasgestel het vir die gebruik van die nagmaal.

#### **4. Die NHKA en die bediening van nagmaal aan kinders**

Wanneer daar in die NHKA gepraat word oor die bediening van nagmaal aan kinders, is daar hoofsaaklik drie aspekte wat in ag geneem behoort te word. In die eerste plek is daar die teologiese verstaan van die sakrament van nagmaal. In die tweede plek is daar die verband tussen kategese-onderrig, die aflê van geloofsbelydenis en die bediening van die nagmaal aan kinders. In die derde plek is daar die praktiese implementering van die bediening van die nagmaal aan kinders in die NHKA.

##### **4.1 Teologiese oorwegings**

McGrath (2011:407) som die rol van die sakramente soos volg op: eerstens is die sakramente tekens van God se genade, tweedens versterk dit geloof, derdens bevorder dit eenheid en toewyding binne die geloofsgemeenskap en vierdens verseker dit ons van God se beloftes. Uit hierdie vier punte kan ons 'n teologie van die nagmaal konstrueer.

In die eerste plek is die nagmaal teken van God se genade en redding. Die boekie van ds AJ van Staden, getiteld *Nagmaal*, wat in 1982 deur die destydse Kital uitgegee is, som die teologiese verstaan van die nagmaal binne die NHKA treffend op (1982:1):

Die nagmaal bring geen ander boodskap as die Bybel nie. Die Bybel sê in Johannes 14:6: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe

behalwe deur My nie”, dan kom die nagmaal en sê dat dit die waarheid is. Die nagmaal verkondig dieselfde evangelie, maar doen dit net op ’n ander manier of met ander woorde. In die prediking hoor ons die evangelie, terwyl ons by die nagmaal dieselfde evangelie sien. Waar die Bybel leer dat ons vir die verlossing volkome van Christus afhanklik is, daar bevestig die nagmaal dit.

Hieruit blyk dit dat die nagmaal ’n bevestiging van die evangelie van Jesus Christus is. Dit kan ons tipeer as ’n soteriologiese verstaan van die nagmaal. Die Christus-gebeure is die basis waarop die sakrament gebou is. In lyn met die Reformatoriese teologie waaruit die NHKA gegroei het, is Christus die middelpunt, ook van die nagmaal. Jesus Christus se offerdood aan die kruis gee betekenis aan die nagmaal wat as maaltyd verskillende funksies inneem.

In die tweede plek is die nagmaal herinneringsmaaltyd. Die nagmaal herinner aan Christus se offer aan die kruis, aan sy sterwe wat vir ons redding bring. Gelowiges moet hieraan herinner word, vanweë die swakheid van die menslike natuur (McGrath 2011:408). Op hierdie wyse word die nagmaal ’n instrument in God se hand om mense se vertroue in God en hulle geloof te versterk. Dit word gedoen deurdat Christus deur sy Gees by die nagmaaltafel teenwoordig is. Deur die werking van die Heilige Gees, is die herinneringsmaaltyd nie maar ’n blote *onthou* van wat Christus vir die wêreld gedoen het nie, maar die redding in Christus word vir gelowiges ’n reële belewenis in die hede (Smit 1982:150).

In die derde plek is die nagmaal verbondsmaaltyd en gemeenskapsmaal, met wortels in die Ou Testamentiese Pasga-maaltyd, terwyl die Nuwe Testamentiese nagmaal uitdrukking gee aan die nuwe verbond in Christus. Verbondsteologie speel daarom ook ’n belangrike rol in die NHKA se verstaan van die nagmaal. Laastens is die nagmaal ’n toekomsmaaltyd wat ons verseker van die belofte van Christus se wederkoms en ons deelhê aan die ewige lewe (McGrath 2011:464). Daarom skep die nagmaal ook ’n geloofsverwachting by diegene wat daaraan deelneem.

Opsommend sal die Kerk nie anders kan nie as om te erken dat ons verstaan van die nagmaal binne verskeie betekenisvelde of teologiese paradigmas funksioneer. Deur die loop van die geskiedenis is een van hierdie paradigmas dikwels uitgesonder en verhoog tot dié (uitsluitlike) betekenisvoorwaarde van die sakrament.



Tog word dit uit die bespreking duidelik dat so 'n verstaan van die nagmaal die betekenis van die sakrament reduceer. In ons oefening van die sakrament gaan dit eindelik daaroor dat daar aan al hierdie betekenisvelde uitdrukking gegee word.

#### **4.2 Die verband tussen kategese-onderrig, die aflê van geloofsbelydenis en die bediening van die nagmaal aan kinders**

In die NHKA is die gebruik dat kinders as babas gedoop word, waarna hulle kategese-onderrig ontvang en op sewentienjarige ouderdom geloofsbelydenis aflê waarna hulle nagmaal kan gebruik. Nadat kinders gedoop is, kry hulle die status van dooplidmate, terwyl hulle belydende lidmate van die Kerk word nadat hulle belydenis van geloof afgelê het. Dreyer (1994:526) dui aan dat hierdie gebruik berus op die verbond van genade wat God in Christus met gelowiges sluit. Verbondsteologie gee uitdrukking aan God se verhouding en bemoeienis met die mens (Dreyer 1999:576)

Hierdie patroon van katekisasie, belydenis van geloof en nagmaal is nie deur die NHKA uitgedink nie. Nie net spruit verbondsteologie uit die Bybel nie, maar die volgorde waarin die NHKA die gebeure laat plaasvind, het wortels in die kerkgeskiedenis. Aanvanklik was van die vroegste gelowiges wat tot bekering gekom het, volwassenes. Hulle sou dan gekatekiseer moes word, en met voltooiing daarvan, is hulle gedoop en kon hulle aan die nagmaal ook deelneem as volwaardige lidmate van die kerk. So 'n werkswyse is voortgesit tydens die Reformasie. Een van die grootste take van die Reformasie was om mense te *onderrig* oor geloof. Daarom het kategese 'n baie belangrike rol ingeneem en het geloofsbelydenis gevolg op kategese-onderrig, waarna kinders toegelaat is om ook nagmaal te gebruik (Dreyer 1994:528).

Hierdie oorsigtelike bespreking toon aan dat nagmaalbediening aan kinders basies regdeur die kerkgeskiedenis voorafgegaan is deur 'n vorm van kategetiese onderrig. Indien nagmaal aan kinders in die NHKA bedien gaan word, behoort hierdie selfde riglyn te geld. Dreyer (1994:528) gaan selfs sover om voor te stel dat die kategese-program van die Kerk in so 'n geval vroeër afgesluit moet word op 'n punt waar die kinders die nodige insig en begrip het om aan die nagmaaltafel aan te sit. Wanneer 'n besluit ten gunste van kindernagmaal geneem word, behoort die kerk erns te maak met die hersiening van die totale kerklike pad wat betref kategese-onderrig,

geloofsbelydenis en nagmaalgebruik. Dit beteken dat hierdie kwessie noodgedwonge ook binne die groter konteks van die funksie en doeltreffendheid van kategese-onderrig en geloofsvorming binne die NHKA aangespreek moet word.

### **4.3 Die praktiese implementering van die kindernagmaal in die NHKA**

Op grond van bogenoemde oorwegings blyk dit dat daar binne die verstaan van die verskeie teologiese paradigmas waarin die nagmaal gestalte vind, nie soseer gronde vir die weiering van die bediening van nagmaal aan kinders is nie. Tog behoort die Kerk bepaalde riglyne daar te stel vir die praktiese implementering van die bediening van nagmaal aan kinders. Na aanleiding van die bespreking tot dusver, kan die volgende riglyne onderskei word:

#### 4.3.1 Dooplidmate

Die *Didache* IX (1975:323)<sup>1</sup>, 'n "kategese"-boek uit die vroeë kerk, stel as voorwaarde vir deelname aan die nagmaal dat die persoon gedoop moet wees. Reeds met die doop word kinders lidmate van die kerk (Dreyer 1994:529). Dooplidmaatskap was dus nog altyd voorwaarde tot die gebruik van die nagmaal. Dreyer (1994:528) dui aan dat gedooptes reeds deel vorm van die verbond en dus ook van die gemeenskap van gelowiges. Op grond hiervan is dit vir dooplidmate (kinders) moontlik om aan die sakrament deel te neem.

#### 4.3.2 Ouderdom

Verskillende kerke, wat nagmaal aan kinders bedien, het verskillende ouderdomme bepaal waarop kinders aan die nagmaal kan begin deelneem. Hoewel ouderdom relatief is, is dit tog nodig om, ter wille van eenvormigheid, 'n ouderdom vas te stel waarop kinders kan begin deelneem aan die nagmaal. Sommige denominasies bepaal die begin van skoolgaande ouderdom, rondom sewe, as die toelaatbare ouderdom (Buitendag 2019:164). Pous Pius X het in 1910 die toelaatbare ouderdom vir die gebruik van die nagmaal in die Rooms Katolieke Kerk van ongeveer twaalf tot veertien verlaag na sewe, die ouderdom van rede (McPartlan 1995:108). In die Reformasie-tyd was twaalf die ouderdom waarop kinders belydenis van geloof afgelê het en begin deelneem het aan die Nagmaal (Dreyer 1994:529).

---

<sup>1</sup> Sien ook Witherington (2007:107) rakende Hippolitus se standpunt.

Aangesien dit vir die Kerk belangrik bly dat kinders 'n begrip vir die betekenis van die nagmaal in al sy fasette sal hê alvorens hulle daaraan deelneem, kan die Sielkunde nuttig wees in die vasstelling van 'n ouderdom vir die eerste nagmaal. Daar is verskeie teorieë wat oorweeg kan word in die verband. Lawrence Kohlberg het gewerk op 'n teorie van morele ontwikkeling waarvolgens hy aanvoer dat morele ontwikkeling en kognitiewe ontwikkeling by mense hand-aan-hand gaan. Volgens Kohlberg is daar drie fases in morele ontwikkeling: die pre-konvensionele fase waar kinders onderskei tussen goed en sleg op grond van straf, die konvensionele stadium waar kinders die reëls van die samelewing internaliseer en straf vermy om ander se guns te wen en dan die post-konvensionele fase, waar kinders die vermoë het om 'n persoonlike etiese kode ontwikkel (Weiten 2014:444). Die post-konvensionele stadium, wat uiteindelik die gewenste stadium is om te bereik, word tussen die ouderdom van dertien en sestien bereik. In ooreenstemming hiermee, meen James Fowler in sy teorie oor religieuse- en spiritualiteitsontwikkeling in kinders, dat kinders rondom die ouderdom van adolessensie die behoefte ontwikkel om in 'n persoonlike verhouding met God te leef (Louw & Louw 2014:297). Die ouderdom van adolessensie is tussen twaalf en agtien jaar oud. Dit is ook gedurende hierdie fase van kinders se lewens dat hulle abstrakte denke ontwikkel, sowel as selfverstaan en morele waardes (Louw & Louw 2014:299-300;333).

Na aanleiding van hierdie modelle, blyk dit dat die gepaste ouderdom vir nagmaalgebruik by kinders nie jonger as twaalf kan wees nie. Die werkstuk stel voor dat kinders vanaf die ouderdom van *veertien* aan die nagmaal kan begin deelneem, aangesien die adolessente-fase met die gepaardgaande ontwikkelings volgens Fowler dan goed onderweg is en dit binne die post-konvensionele stadium van Kohlberg se model val.

#### 4.3.3 Begeleiding en onderrig oor die nagmaal

Prof Van Wyk (2019:184) beklemtoon aan die einde van haar studiestuk oor die bediening van die nagmaal aan kinders dat dit nie sonder begeleiding kan plaasvind nie:

Deelname aan kerklike rituele kan nie sonder ENIGE begeleiding plaasvind nie. Kinders kan met die nodige begeleiding en ouderdomsgerigte onderrig aan die

Nagmaal deelneem. Dit kom weer daarop neer om gepaste maniere te vind om die teologiese swaartekrag van die Nagmaal aan die kinders weer te gee.

Indien kinders ingesluit word by die bediening van die nagmaal, beteken dit nie dat die teologiese diepgang en erns van die sakrament verlore moet gaan nie. Die vermoë om te onderskei waarop dit in die nagmaal neerkom, bly steeds van kritieke belang – selfs wanneer kinders vanaf 'n jonger ouderdom aan die nagmaal begin deelneem. Daarom sal die gebruik van nagmaal deur kinders gepaard moet gaan met spesifiek gerigte kategese-onderrig aan beide ouers en kinders.

Ter illustrasie, kan gekyk word na die Kerk se hantering van die doop. Die bediening van die doop vind ook nie sonder begeleiding plaas nie. Ouers hou kinders ten doop *na afloop van 'n doopkategese-gesprek*. Op soortgelyke wyse kan daar 'n “nagmaal-kategese” gesprek plaasvind met gesinne, telkens voordat kinders nagmaal gebruik.

Hierdie denke gaan vanuit die veronderstelling dat, indien die kindernagmaal in die NHKA bedien gaan word, dit 'n gesinsaangeleentheid sal wees. Dit is wat Buitendag (2019:164) *gesinsnagmaal* noem. Die begrip gesinsnagmaal beklemtoon die verantwoordelikheid van die ouers om hulle kinders hierin te begelei. Ouers moet onderrig word en opgeroep word tot hierdie verantwoordelikheid.

Die taak van die Kerk is om ouers hierin by te staan, deur die Kategese-kurrikulum so in te rig dat daar vanaf Graad 8 tot Graad 11 spesifieke en intensiewe aandag gegee sal word aan die betekenis van nagmaalsbediening. Buiten die individuele nagmaal-gesprekke wat met gesinne gevoer word voordat die kind vir die eerste keer aan die nagmaal deelneem, behoort daar ook in Graad 7 'n gesprek met ouers en kinders gevoer te word wat hulle voorberei op die gebruik van nagmaal vanaf graad 8. Dit kan byvoorbeeld in die vorm van 'n gesinsles by die kategese aangebied word. Bykomend kan daar op Voorbereidingsondag, die week voor nagmaal, in die liturgie aandag gegee word aan die verduideliking van die betekenis van nagmaal, met spesifieke verwysing na ouers en kinders.

Bogenoemde is praktiese voorstelle vir oorweging indien die bediening van nagmaal aan kinders in die NHKA goedgekeur word. Op hierdie wyse word verseker dat

kinders en ouers nie sonder begeleiding en onderskeiding aan die sakrament van die nagmaal deelneem nie.

#### 4.3.4 Aanpassing van die Nagmaalformulier(e) en Kerkorde wysigings

Indien die Kerk dit sou aanvaar dat nagmaal ook aan kinders bedien word, sou dit inhou dat die uitnodiging na die nagmaal soos vervat in die Nagmaalformulier(e) gewysig word om nie gerig te word aan belydende lidmate nie, maar aan dooplidmate. Die NG-Kerk, wat reeds 'n geruime tyd nagmaal aan kinders bedien, het byvoorbeeld ook 'n bykomende Nagmaalformulier wat "kindervriendelik" is. 'n Soortgelyke formulier, wat as aanvulling tot die oorspronklike formulier gebruik word, kan oorweeg word. Bykomend sal die Kerorde ook by Ordinansie 5.2.2 (iv), (vi) en (vii) gewysig moet word.

### **5. Slotopmerkings**

Dit is belangrik dat ons waardering sal hê vir die erns waarmee die NHKA nog altyd met die sakramente – in die besonder die nagmaal – omgegaan het. Dit getuig van die ryk kerklike tradisie en erfenis waarvandaan ons kom. Die nagmaal funksioneer binne verskeie teologiese paradigmas en dit is van belang dat al hierdie betekenisvelde tot uitdrukking kom in die beoefening van die sakrament. Ons moet op 'n deurlopende basis besin oor ons begrip van die nagmaal om op hierdie wyse verantwoordbaar gehou te word en te voorkom dat die sakrament reduceer word.

Die implementering van kindernagmaal, of dan gesinsnagmaal, in die NHKA kan nie maar net terloops plaasvind nie. Ten einde die doeltreffende funksionering daarvan te verseker, moet dit gepaardgaan met bepaalde opsig en onderrig funksies. Die rol van die ouer in die geloofsvorming en deelname van kinders aan die gemeenskap van gelowiges kan nie oorbeklemtoon word nie. Die gesinsnagmaal kan slegs tot reg kom wanneer ouers, in vennootskap met die Kerk, ernstig verantwoordelikheid aanvaar vir die geloofsvorming van hulle kinders. Dit is uitdaging genoeg, aangesien talle volwasse, belydende lidmate nie eers erns maak met die gereelde gebruik van die nagmaal nie.

Die nagmaal is uiteindelik 'n feesmaal waaraan begenadigde sondears kan aansit om in die geloof versterk te word. Dit gaan op hierdie punt in die diskoers daarvoor om 'n balans te vind tussen die verskillende aspekte van ons verstaan van die nagmaal, sodat ons op geloofwaardige wyse kan deelneem aan die sakrament.

## 6. Bibliografie

- Buitendag, J., 2019, 'Saam een liggaam (1 Korintiërs 10:17): Deelname van kinders aan die Nagmaal', in *NHKA Agenda van die 72ste AKV: Bylae A - Kernkomitee: Erediens (Kinders se deelname aan die Nagmaal)*, NHKA, Pretoria, 160-180.
- Dreyer, W., 1994, 'Die Kerkregtelike Posisie van die Kind in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, met besondere verwysing na lidmaatskap, doop, nagmaal en tug', *HTS* 50(3), 522-530.
- Dreyer, W., 1999, 'Die verband tussen doop en lidmaatskap van die kerk', *Hervormde Teologiese Studies/Theological Studies* 55(2&3), 563-586.
- Feingold, L., 2018, *The Eucharist: Mystery of Presence, Sacrifice and Communion*, Emmaus Academic, Steubenville, OH.
- Howells, A. & Littler, K., 2007, 'Children and communion: Listening to churchwardens in rural and urban Wales', *Rural Theology* 5(1), 13-22.
- Lake, K., 1975. *The Apostolic Fathers I (Loeb Classical Library) - The Didache*, William Heinemann Ltd., London
- Louw, D. & Louw, A., 2014, *Child and Adolescent Development*, Psychology Publications, Bloemfontein.
- McGrath, A., 2011, *Christian Theology: An Introduction*, Wiley-Blackwell, West Sussex.
- McGrath, A., 2013, *Historical Theology: An Introduction to the History of Christian Thought*, 2nd ed, Wiley-Blackwell, West Sussex.
- McPartlan, P., 1995, *Sacrament of Salvation: An Introduction to Eucharistic Ecclesiology*, T&T Clark, Edinburgh.
- NHKA, 2019, *Kerkorde van die 72ste Algemene Kerkvergadering*, NHKA, Pretoria.
- Smit, D., 1982, '1 Korintiërs 11:17-34 (vir vier preke)', in C. Burger, B. Mulder & D. Smit, (reds.), *Riglyne vir Nagmaalsprediking: Woord teen die Lig 4*, NG Kerk-Uitgewers, Kaapstad, 142-157.
- Van Staden, A., 1982, *Die nagmaal*, Kital, Pretoria.
- Van Wyk, T., 2019, *Kinders se deelname aan die Nagmaal: 'n Oorsig oor tersaaklike aspekte*, *NHKA Agenda van die 72ste Algemene Kerkvergadering*, NHKA, Pretoria.
- Weiten, W., 2014, *Psychology: Themes and Variations*, Cengage Learning, Hampshire.
- Witherington, B., 2007, *Making a Meal of it: Rethinking the Theology of the Lord's Supper*, Baylor University Press, Waco, TX.

